REGLEMENT

***Desmond Tutu-Gerrit Brand Prys vir debuut- werk in enige landstaal***

***1. Doelstelling***

Die Prys word jaarliks toegeken aan die beste algemeen-Christelike en teologiese publikasie deur ’n debuutskrywer wat gedurende die voorafgaande drie kalenderjare (vanaf 1 November 2021 tot 30 November 2024) verskyn het.

***2. Omskrywing van prys***

• Alle algemeen-Christelike en teologiese debuutwerke sal oorweeg word.
• Die werk kan in enige amptelike taal van Suid-Afrika geskryf wees.
• Geen vertaalde werke of herdrukke sal oorweeg word nie.

***3. Kriteria vir die beoordeling van die tekste***

Uitstekend geskryf, nagevors en aangebied. Akkuraat, oorspronklik, insiggewend, innoverend, vindingryk, stimulerend, relevant en lesergerig.

***4. Pryse***

Die wenner ontvang ’n kontantbedrag soos jaarliks deur die Uitvoerende Raad en Ledevergadering bepaal, asook ’n oorkonde.

***5. Hoe om in te skryf***

• ’n Uitgewer mag enige aantal boeke vir die prys inskryf. Die eerste drie inskrywings is gratis. Vir elke inskrywing daarna word ’n inskrywingsfooi van R500 gehef.
• Vul die inskrywingsvorm volledig in. Vier eksemplare van elke boek moet per inskrywing ingestuur word. Elke eksemplaar van die boek moet ook ’n kopie van die inskrywingsvorm vervat.
• Verpak en versend die boeke en inskrywingsvorms in een koevert of houer per inskrywing. Gebruik ’n afsonderlike koevert of houer vir elke afsonderlike inskrywing.
• Indien die inskrywing nie volledig is nie, sal dit gediskwalifiseer word.
• Inskrywings moet gegrond wees op werk wat tussen 1 November 2021 en 30 November 2024 gepubliseer is.
• Geen vertaalde werke of herdrukke kom in aanmerking nie.

**Sluitingsdatum: Vrydag 15 November 2024**

***6. Inskrywings***

**Rig u inskrywing aan:**

Eleanor Steenberg
Die Andrew Murray-Desmond Tutu-prysfonds p/a CLF
**Straatadres:** Oude Pontstraat, Industriële Park, Wellington
**Tel.:** 021- 873 6964
**E-posadres: Eleanor@clf.co.za**

• Besonderhede oor hierdie prys en die inskrywingsvorm verskyn op die webwerf by www.andrewmurrayprys.co.za

• NB: Indien u ’n inskrywing per pos of koerier stuur, skakel asseblief met die organiseerder sodat die AMDT bewus is van die inskrywing.
• Finaliste sal in kennis gestel word sodra die beoordeling afgehandel is.

***7. Reëls van die kompetisie***

• Daar is geen inskrywingsgeld vir die eerste drie inskrywings nie.Ten opsigte van elke verdure inskrywing word ’n inskrywingsfooi van R500 gehef
• Inskrywings moet gegrond wees op werk wat tussen 1 November 2021 en 30 November 2024 gepubliseer is.
Geen vertaalde werke of herdrukke kom in aanmerking nie.
• Kundiges tree as beoordelaars op.
• Die paneel word saamgestel deur die AMDT.
• Elke inskrywing word in sy geheel beoordeel en nie net dele daarvan nie.
• Die AMDT behou die reg voor om in samewerking met die beoordelaarspaneel ’n finale beslissing te maak wanneer daar vanweë die reëls of praktyk van die kompetisie onsekerheid of ’n uitsondering ontstaan.
• Die beoordelingsproses word streng deur die AMDT gekontroleer.
• Die beslissing van die beoordelaars is finaal. Geen korrespondensie sal tydens of na afloop van die kompetisie oor die uitslag gevoer word nie.
• Die AMDT kan pryse weerhou na gelang van die gehalte van die inskrywings en op aanbeveling van die beoordelaars.
• Slegs een wenner word aangewys.
• Die AMDT behou die reg voor om beeld- sowel as oudiomateriaal van die weninskrywings tydens die prysfunksie te gebruik.
• Geen materiaal sal teruggestuur word nie.
• Deelnemers onderneem om hulle neer te lê by alle kompetisiereëls, wat ook mediaskakeling insluit.
• Oortreding van die reëls van hierdie kompetisie of onvolledige inskrywings kan lei tot die diskwalifikasie van die inskrywings.
• Die AMDT behou die reg voor om die kompetisie enige tyd op te skort of te beëindig indien omstandighede dit noodsaak.